# DIE KOMMISSIE VAN DIE WÊRELDRAAD VAN KERKE VIR WÊRELDSENDING EN EVANGELISASIE

**(The Commission on and Division of World Mission and Evangelism of the World Council of Churches).**

DS. J. G. DU PLESSIS †

## 1. Agtergrond en Ontstaan:

Die gedagte aan internasionale skakeling ter wille van die sending is waarskynlik die eerste deur William Carey, 'n predikant van die Baptiste Kerk en stigter van die Baptiste Sendinggenootskap, na vore gebring. Carey, wat self as sendeling in Indië gewerk het en wat ook die aanleiding tot die stigting van die Londense Sendinggenootskap bewerk het, het naamlik in 1806 'n interkonfessionele wêreldkonferensie vir sending voorgestel en aan die hand gedoen dat dit gedurende 1810 te Kaapstad gehou moet word en daarna al om die 10 jaar. Die doel van Carey met die konferensie was "to give to missionaries an opportunity to council together and to enter into one another's views".[1] Om verskillende redes is hierdie konferensie nie gehou nie en is daar eers 'n eeu later, in 1910, so 'n konferensie te Edinburgh gehou. Hierdie konferensie, wat die begin van verskillende ekumeniese strominge en bewegings was, was in lyn met die gedagte van Carey, maar was eintlik die bekroning en voortsetting van wat deur die "Union Missionary Convention" in 1854 in New York begin is, waar verskillende sendinggenootskappe vir die eerste keer saamgekom het, en wat opgevolg is deur ander vergaderings te Liverpool in 1860 en New York in 1900.[2]

Edinburgh 1910, wat grootliks 'n byeenkoms van sendinggenootskappe was waarvan die lede grotendeels uit die Anglo-Amerikaanse gebiede afkomstig was en wat die gees van die piëtistiesmetodistiese opwekkings-bewegings geadem het, kan beskou word as die geboorteplek van die georganiseerde skakeling van die sending in die wêreld, soos dit gedra was deur die sendinggenootskappe en later ook kerke, veral die kerke vir wie sending staan of val by die uitstuur van sendelinge in die gees van die sendinggenootskappe. In hierdie verband was die gevolg van die Edinburgh vergadering die stigting van die "International Mission-

---

1. Bengt Sundkler in **The International Review of Missions**, vol. L 1, Januarie 1962, bls. 9.
2. F. J. van Zyl in **Hervormde Teologiese Studies**, Jaargang 23. Aflewering 2, bls. 37.

ary Council" in 1921 met 'n kantoor in Edinburgh house, London. Hierdie stigting is egter voorafgegaan deur die stigting van "National Christian Councils", wat 'n meer onmiddellike resultaat van die Edinburgh vergadering was en wat prakties die "International Missionary Council" (I.M.C.) gevorm het deurdat die I.M.C. as skakel tussen die verskillende "Councils" gedien het. Die leidende figuur by die stigting van hierdie "Councils" was Dr. John R. Mott, 'n Amerikaanse Metodiste-sendeling, wat eers in die regte gestudeer het en wat voorsitter was van die Edinburgh konferensie en later ook voorsitter van die I.M.C. Hierdie "Christian Councils" is saamgestel uit verskillende kerke en sendinggenootskappe. "Councils" is veral in Asië, Afrika en Suid-Amerika gestig. In 1958 was daar 38 "National Christian Councils" met die I.M.C. geaffilieer. Prakties is die beleid en werk van die I.M.C. deur hierdie "Councils" bepaal en het die I.M.C. weer op sy beurt as liggaam deur hierdie "Councils," as kanaal, gewerk. Die I.M.C. as sulks het geen uitvoerende gesag gehad nie en sodanige gesag het eintlik by die "Christian Councils" berus. Die werkmetode van die I.M.C. was "to call in experts to survey the situations and to interpret the problems in their setting and their depth. Out of this research and survey and from informed debate on a national basis and in international assembly, there would emerge new visions, and new policy would be defined, inspiring action on a broad front".[3] Die I.M.C. het sy boodskap en invloed, asook die resultate van sy studie, uitgedra deur middel van persoonlike kontak van die sekretariaat met "a large number of key people in the East and West",[4] dit is natuurlik behalwe die kontak en kanaal wat die verskillende "Christian Councils" gebied het, asook deur middel van 'n kwartaalblad genaamd "International Review of Missions". Voortdurend is ook die "oecumenical art of bringing together international and interdenominational personnel in constructive co-operation for the common cause"[5] beoefen. So het die gesag van die I.M.C. bestaan in die "wisdom of its advice and guidance as these commended themselves by their inherent worth"[6] Verder het die I.M.C. gehelp om studiesentrums, veral in Asië, tot stand te laat kom, veral "to seek a more profound understanding of the non-Christian religions".[7] Self het die I.M.C. egter nooit sendingwerk onderneem nie.

---

2. Vergelyk ook Gustav Warnick se plan in 1888 tydens die "International Missionary Conference" te London.
3. B. Sundkler, a.w., bl. 9.
4. B. Sundkler, a.w., bl. 9.
5. B. Sundkler, a.w., bl. 9.
6. B. Sundkler, a.w., bl. 9.
7. G. W. Carpenter in **The Church in Changing Africa,** Report of the All-Africa Conference, Januarie 1958, bl. 96.

Van die begin af het die I.M.C. en die Wêreldraad van Kerke (W.R.K.) op sekere terreine saamgewerk, trouens hulle het 'n gemeenskaplike oorsprong, hoewel die I.M.C. selfstandig gebly het. So het die I.M.C. sekere verantwoordelikhede aanvaar in sommige afdelings van die W.R.K., bv. die "Department of Missionary Studies", die "Division of Inter-Church Aid and Service to Refugees", ens. Hierdie samewerking was seker dan ook een van die faktore wat gehelp het om die I.M.C. en die W.R.K. later te laat integreer.

Konferensies van die I.M.C. is gehou te Jerusalem 1928, Tambaram 1938, Whitby 1947, Willingen 1952, Ghana 1957/58 en die laaste te New Delhi 1961.

Wat presies die doelstellings van die I.M.C. was, is nie maklik uit te maak nie. Dit het gewissel van geleenthede skep vir sendelinge om met mekaar te beraadslaag en van mekaar se menings kennis te neem, tot "the function of keeping before the churches their calling and privilege and reminding them of the range and character of the unfinished evangelistic task in relation to all churches".[8] Belangrik in verband met die aktiwiteite van die I.M.C. is die feit dat, waar die kerk aan die begin van die bestaan van hierdie Raad 'n baie ondergeskikte rol gespeel het, dit later al meer en meer betrek is, hoewel dit ter wille van volledigheid by gesë moet word dat dit ook nie altyd duidelik is wat met "kerk" en die werk van die kerk bedoel word nie. Die doelstellings van die I.M.C. is deur die Biskop van Nagpur in 1962 so opgesom: "Pre-eminently the I.M.C. has been concerned with the unfinished task of carrying the gospel to the ends of the earth"[9] Hy het daaraan toegevoeg dat die "Commission on World Mission and Evangelism" van die W.R.K. hierdie doelstelling sou handhaaf. Maar nou is dit eweneens nie duidelik wat presies daaronder verstaan moet word nie, nl. onder die doelstellinge soos die biskop dit beskryf het nie, want 'n mens kry onder die naam van die I.M.C. uitsprake wat wissel van 'n stelling soos "this task has been to further the proclamation of the Gospel of Jesus Christ"[10] tot 'n groot klomp navorsingsresultate oor die "higher education in India", die industrial, educational and ecclesiastical problem in Africa", ens. Nie dat die studie van hierdie sosiale aspekte heeltemal sinloos beskou moet word vir die sending nie, maar 'n mens kry die indruk dat hierdie aangeleenthede die praktiese werksaamhede en belangstelling van die I.M.C. oorheers het. Hoe ver die uiterste punte van

8. Korula Jacob, **The International Review of Missions**, vol. L 1, Januarie 1962, bl. 13.
9. **International Review of Missions**, Jaargang L 1, April 1962, bl. 148.
10. Korula Jacob, a.w., bl. 12.

die I.M.C. van mekaar af lê, blyk verder uit die feit dat daar, aan die een kant, rondom 1950 'n groot studieveldtog aan die gang gesit is oor "The Missionary Obligation of the Church" en dat daar tydens die vergadering te Willingen onder andere besluit is "We preach not ourselves but Christ Crucified", terwyl daar aan die ander kant, bv. in die Januarie 1952 uitgawe van die amptelike mondstuk van die I.M.C., die kwartaalblad "The International Review of Missions" met sigbare dankbaarheid verklaar word dat "in defence of human rights" daar 'n nuwe groep in S.A. na vore gekom het waarmee beslis rekening gehou sal moet word, nl. die "Torch Commando" [11] Om die belangstelling en die bemoeiinge van die I.M.C. 'n bietjie van nader te bekyk, het ek gemeen kan 'n mens 'n bietjie nagaan wat die I.M.C. gedoen het en gepropageer het om die prediking van "Christ Crucified" in bv. Suid-Afrika te bevorder en hoedanig die I.M.C. se "concern with the unfinished task of carrying the Gospel to the ends of the earth" ten opsigte van bv. Suid-Afrika duidelik geword het. Dat ek S.A. kies is vanselfsprekend omdat dit die plek is waar ons kerk op die oomblik probeer om die gekruisigde Christus te verkondig.

In elke Januarie uitgawe van die genoemde amptelike blad van die I.M.C., "The International Review of Missions", word amptelik 'n oorsig gegee van die toestande en omstandighede wat die taak van die kerk op die gebied van die sending bevorder of bemoeilik. Daarin word dan ook vermeld van wat gedoen word om die probleme te oorbrug en hoe daar gevorder is in hierdie verband en ook in verband met die sending self. Die uitgawes van 1951, 1952, 1953, 1954, 1955, 1956 en 1961 was tot my beskikking. Volgens die oorsigte in hierdie genoemde uitgawes is die groot probleem en struikelblok wat die I.M.C. in Suid-Afrika waargeneem het, die Apartheidsbeleid en meer spesifiek, die toepassing daarvan deur die Nasionale Party. Al die oorsigte is feitlik heeltemal net aan die „ontsettendheid" van hierdie beleid gewy. Volgens die oorsigte maak hierdie beleid dit onmoontlik vir die kerk om sy werk na behore te doen. Wat daarmee bedoel word, word duidelik wanneer 'n mens lees dat, volgens die I.M.C., dit so moeilik in Suid-Afrika gegaan het, dat "Church leaders" soos Hannah Stanton, Mark Nye en Prof. Z. K. Matthews "on no other grounds than their sympathetic concern for Africans" gearresteer is [12] en dat die kerk dit so moeilik gehad het dat die "Reverend Ambrose Reeves" bv. nie anders kon as om maar na Swaziland te vlug nie. 'n Mens kry die indruk uit hierdie oorsigte, dat as die kerk die beleid van Apartheid in Suid-Afrika tot 'n val kon bring, dan het

---

11. Jaargang L 1, Januarie 1961, bl. 56.
12. Jaargang L 1, Januarie 1961, bl. 56.

die kerk vir 90% sy opdrag van Jesus Christus vervul en het die koninkryk in Suid-Afrika gekom, hoewel daar darem so hier en daar in 'n kort paragraaf gesê word dat die kersteningwerk nog, onder al die omstandighede, onder die heidene voortgaan. As 'n mens egter, nadat jy hier en daar die doelstellings en beleid van die I.M.C. raakgelees het, in lyn daarmee sou soek na wat nou eintlik in Suid-Afrika gedoen moet word om die evangelie van die gekruisigde Christus te verkondig, dan sou jou gevolgtrekking, uit die gegewens van die I.M.C., wees dat dit eintlik net die Anglo-Saksiese kerke is wat darem iets probeer doen onder al die omstandighede. Van die geweldige poging van die N. G. Kerk word daar nie 'n woord gesë nie, om nie eens te praat van die pogings van die Gereformeerde en Hervormde Kerke nie. Waarskynlik is die rede daarvoor te soek in die feit dat die ekumeniese teologie rasseintegrasie as 'n soort voorvereiste vir die saligheid beskou en dat die Afrikaanse Kerke se "Gospel" 'n ander inhoud het. Nie dat die I.M.C. se sekretariaat gemeen het daar is nie hoop vir Suid-Afrika se toekoms nie en vir die toekoms van die Sending in Suid-Afrika nie. Soos reeds genoem, was die stigting van die "Torch Commando" vir die I.M.C. 'n groot lig in die duisternis van Suid-Afrika. Daarby was daar darem "eleven Dutch Reformed Church leaders" wat 'n boek "Delayed Action" gepubliseer het wat Apartheid verwerp. Verder was die I.M.C. dankbaar dat die "South African Institute of Race Relations" onverpoosd voortwerk en dat die "Christian Council" van Suid-Afrika op sy pos was [13]. Ook het die Kaapse blad "Die Burger" bygedra tot die bietjie optimisme van die I.M.C. oor Suid-Afrika omdat die blad op een of ander stadium "top priority for a reconsideration of the position of the natives in the cities" aangemoedig het [14]. Op hierdie wyse kan 'n mens voortgaan om te wys op die eienaardige belangstelling van die I.M.C., wat hom, wat Suid-Afrika betref, beslis meer geïnteresseer het vir die politieke, sosiale en opvoedkundige toestande as vir die werklike verkondiging van die evangelie van die gekruisigde Jesus Christus. Verslae oor ander lande toon dieselfde neiging en, hoewel daarin daar darem meer oor die werk van die sendelinge vertel word, is die neiging tog om meer klem te laat val op die "Social Gospel" aspekte as op die evangelie van die gekruisigde en opgestane Heer, Jesus Christus.

Vir 'n waardering van die implikasies van hierdie neiging van die I.M.C., veral ten opsigte van die kommunisme, kan die resultaat van die studie wat dr. J. P. Oberholzer vir die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gedoen het, naamlik "Die W.R.K.

---

13. Volume L, a.w., bl. 54.
14. Volume L, a.w. bl. 55.

en die Kommunisme", nagegaan word.

Verdere kommentaar is seker oorbodig, behalwe dat hierdie feite in gedagte gehou moet word wanneer 'n mens allerhande oënskynlik gesonde doelstellinge en uitsprake raakloop in die notules van die I.M.C. se vergaderinge, en wanneer die I.M.C. later uitloop in die "Commission on World Mission and Evangelism" van die W.R.K., want dit kan voorlopig al gesê word dat hierdie opvolger van die I.M.C. dieselfde gees adem en dieselfde doelstellings het as sy voorganger, [15] hoewel dit miskien anders gestel word en aangepas word.

Samevattend kan gesê word dat dit duidelik is dat die antroposentriese teologie, soos dit tot uiting kom in die humanisties-piëtisties- metodistiese beskouinge, in die I.M.C. oorheers het en netso, na alle waarskynlikheid, soos dit vervat is in die ekumeniese beskouinge van die W.R.K., in die opvolger van die I.M.C. sal oorheers. Daarmee word nie gesê dat daar nie ook soms bybelsverantwoorde teologie, veral by die besprekinge en studies van die I.M.C., teenwoordig was nie, [16] maar slegs dat die anderkant oorheers het. Besonder sterk nadruk is altyd gelê op die ekumeniese aspekte in en van die sending maar of dit altyd as gevolg van diepere teologiese besinning was, is 'n ander vraag.

Dit sou miskien die duidelikste wees om te sê dat die I.M.C. se belangstelling onder drie hoofde verdeel kan word, naamlik teologie, politiek en sosiale toestande in die wêreld.[17] Die bedoeling was blykbaar oorspronklik dat die teologie die oorheersende faktor sou wees terwyl die res daaruit bestudeer sou word met die oog op die sendingtaak van die kerk. In die praktyk egter, het die orde omgekeer geraak en het veral die sosiale aangeleenthede, en daarmee saam die politieke, die oorheersende faktor geword sodat die teologie naderhand in diens daarvan begin staan het.

Tydens die vergadering van die I.M.C. in Ghana einde 1957 begin 1958, het daar 'n voorstel voor die vergadering gedien dat die I.M.C. en die W.R.K. moet integreer. [18] Na baie deeglike bespreking van die aangeleentheid, wat by die meerderheid byval gevind het, maar ook kritiek en teëstand by sommige uitgelok het, is die saak na die verskillende lede verwys met die oog op

15. K. Jacobs, a.w. bl. 12.
16. Sommige van die artikels in "The International Review" getuig van goeie diepsinnige bybelsverantwoorde teologie. Vgl. verder F. J. van Zyl, a.w., bl. 38.
17. Erik W. Nielson, The Role of the I.M.C., in the Ghana assembly of the I.M.C. 1957/8.
18. The Ghana Assembly of the I.M.C. 1957/8, Edited by R. K. Orchard, Edinburgh House Press, 1958.

'n moontlike besluit met die volgende vergadering gedurende 1961. In 1961 is toe deur die vergadering van die I.M.C. te New Delhi besluit om te integreer en so het die "Commission on, and Division of, World Mission and Evangelism" van die Wêreldraad van Kerke tot stand gekom. Die mees positiewe kommentaar wat daarop gelewer kon word, is dat kerk en sending, op ekumeniese vlak, daardeur prakties bymekaar uitgekom het, hoewel dit altyd nog 'n vraag bly wat deur die voorstanders van die ekumeniese beweging onder kerk en sending verstaan word. [19] Aan die anderkant kan die gedagte ook nie uitbly dat die sending op ekumeniese vlak en wat daarmee saamhang daardeur direk onder die invloed van die Wêreldraad van Kerke gekom het, 'n invloed wat beslis nie altyd bo enige verdenking staan nie.

---

19. Erik W. Nielsen, a.w., bl. 189.